Rustenburg Gemeenskapskerk
Posbus/PO Box 20146
Proteapark
0305
Cell:066 270 3086
E-mail: esta1@vodamail.co.za

Weeklikse Brood vir **13 – 19 September 2020**
**Vyftiende** week in **Koninkrykstyd**

Skriflesing vir die week: **Matteus 18: 21-35**
*Skriflesing vir volgende week: Eksodus 16: 2-15*

**Sondag – *Ingenooi in God se rus en tyd***

- ✓ Dit is Koninkrykstyd en ons gedagtes is by God en sy betrokkenheid by ons wat vir ons rus en vrede bring. Die Bybel laat ons God leer ken as die skepper van alle dinge. Jy mag hierby stil raak en nadink oor hoe God se doen en late alles wat is, onder hande neem.

Lees ***Matteus 18: 21-35*** stadig en rustig deur.

- ✓ Rabbi's het die Jode geleer om mense tot drie keer te vergewe. Petrus poog om hierdie goedhartigheid te oortref en stel voor dat iemand tot sewe keer vergewe moet word. Jesus se verwysing na “selfs sewentig maal sewe keer wys dat niemand moet tel hoeveel keer hulle ander vergewe nie.
- ✓ Destyds was skuld ’n groot oortreding. Leners (en hulle gesinne) sou in die tronk gesit kon word tot hulle skuld vereffen is deur verniet vir die skuldeiser te werk of deur alle persoonlike besittings te verkoop.
- ✓ God het al ons skuld vergewe. Daarom behoort ons ook ander mense te skuld te vergewe.

***Maandag – Luister na God se Woord***

Lees ***Matteus 18: 21-35***.

- ✓ Dink na oor hoe Petrus se vraag en sy eie antwoord met Jesus se antwoord op sy vraag vergelyk – sewe maal vergewe teenoor sewentig maal sewe.
- ✓ Jesus vertel ’n verhaal oor vergifnis. Probeer jou in die situasie inleef – die man, ’n werker, met “miljoene rand” skuld en die vooruitsig om alles te verloor. Sien hom voor die koning neerval en soebat. Maak nou innerlik die skuif in jou gedagtes: Dis ek daardie! Dis ek wat so by God in die skuld was! Dis ek in die oomblikke van rekenskap! Ek sien myself in my bankrotskap voor God en die voor die hand liggende gevolge daarvan: Alles wat ek het, my kosbaarste besittings, gaan van my weggevat word.
- ✓ Dan kom daar ’n wending: Die koning het ’n hart. Hy skel kwyt. Ons het genade gekry. Ons is los van die las van skuld.
- ✓ Die einde van die verhaal skok. Tog is dit ’n werklikheid. Die koning trek vergifnis terug. Besin oor wat Jesus hiermee vir ons oor ons vergifnis van mekaar wil leer.
- ✓ Dink ’n bietjie eerlik na – is daar mense vir wie jy nie regtig vergewe het nie? Oorweeg wat jou innerlike redes is waarom dit nie gebeur het nie. Dalk het jy vergewe, maar jy hou die ander op ’n afstand. Daar is geen werklike versoening of pogings om vertroue te herstel nie. Dink weer aan God se genade teenoor jou en die skuld wat jy kwytgeskeld is.

***Dinsdag – Luister na mekaar***

- ✓ Soek ’n geleentheid om by vriende te verneem oor insidente van vergifnis waarvan hulle weet. Probeer agterkom wat die werklike dryfveer tot die vergifnis was. Probeer met ’n kennis gedagtes wissel oor waarom vergifnis soms so moeilik is.

Lees ***Matteus 18: 21-35.***

- ✓ In watter mate is vergifnis in Suid-Afrika ’n daaglikse praktyk?
- ✓ Soms gebeur die seldsame ding, naamlik dat skuldiges die moet vergewe teenoor wie hulle oortree het. Dink na waarom so iets gebeur…

### *Woensdag – Luister na ander en die tye*

Lees ***Matteus 18: 21-35.***

- ✓ Is dit nie dalk so dat om te vergewe, ons verskriklik blootstel nie?
- ✓ Ander kan dan met ons maak wat hulle wil, op ons trap. Het Christene dan nie regte nie?
- ✓ Die filosoof Nietzsche het die Christendom verkwalik omdat die Christelike geloof mense volgens hom sag gemaak het – mense met ’n slawe-ingesteldheid. Maak dit mens regtig ’n papperd maak as jy vergewe?
- ✓ ’n Ateïs het op sy webwerf gesê dat hy en sy geesgenote ook vergewe. Dink na oor die motiewe vir vergifnis by ateïste vergeleke met Christene.
- ✓ Ons hoor dikwels dat iemand sê: : “Ek sal dit nooit vergewe nie…” Dink na oor moontlike redes vir die onchristelike standpunt.

### *Donderdag – Luister weer na God se Woord*

Lees ***Matteus 18: 21-35*** uit ’n ander vertaling.

- ✓ Dink na oor enigiets wat dalk nuut uit die Here se Woord tot jou gekom het.
- ✓ Antwoord 126 van die Heidelbergse Kategismus lui: “*Vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree. Dit is: Reken ons, arme sondaars ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie. Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van u genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe.*” Wat sê dit oor die gehalte van ons vergifnis?
- ✓ Oorweeg of die werklikheid van ons gebrekkige vergifnis ’n verskoning is om nie te veel moeite te doen om te vergewe nie, maar dat Jesus se woorde ons vaskeer.
- ✓ Dink jy dat jy jouself ook moet vergewe?

### *Vrydag – Fokus op wat God nou doen*

Lees ***Romeine 14: 1-3****.*

- ✓ Oorweeg watter nuwe kyk op vergifnis Jesus aan sy volgelinge gee – op sy vergifnis van jou/julle, maar ook op die vergifnis wat Hy beveel.
- ✓ Watter opdrag gee Hy aan jou aangaande mense wat jy nie dalk regtig vergewe het nie?
- ✓ Dalk is daar mense vir wie jy vergewe het, maar hulle is eintlik maar onder kwarantyn. Die verhouding is nie herstel nie. God eis werklike versoening met hulle en ook pogings om die vertroue te herstel.
- ✓ Dalk lê God dit op jou hart om te gaan praat met iemand wat sukkel om te vergewe. Bedink ook watter genadehulp God vir jou/julle gaan gee vir die deurlopende proses van vergifnis.

### *Saterdag – Antwoord met jou lewe*

Lees ***Matteus 18: 21-35.***

- ✓ Wanneer ons mense moet of wil vergewe, kan dit pynlik wees. Dalk is jy kwaad vir iemand, of voel jy teleurgesteld. Om iemand te vergewe kom nie vanself nie. Dit is iets wat ons moet besluit en inoefen.
- ✓ Watter *gesindheid* kies jy teenoor jou mede-Christene na hierdie week?
- ✓ Watter *optrede* kies jy teenoor jou mede-Christene na hierdie week?

# Familie Tuisblad

**13 – 19 September 2020**

in samewerking met *nous.org.za*

**Fokus vers**

**Matteus 18: 35**
"So sal my Vader wat in die hemel is,
ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie."

**Tema van die week**

Ons oordeel nie oor mekaar nie!

**Bybel tyd**

**So:** Matteus 18: 21-35
**Ma – Di:** Eksodus 14: 19-31
**Wo – Do:** Psalm 114
**Vr – Sa:** Romeine 14: 1-12

**Bid tyd**

**Dankgebed (Gebed voor ete)**
Here dankie dat ons as onveroordeeldes aan U tafel kan sit. Amen.

**Oorgee–gebed**
Here help my om nie oor ander te oordeel nie. Amen.

**Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)**
Mag wat jy vandag doen, tot eer van die Here wees.

**Gesels tyd**

Ons gesels saam oor ons lewe en geloof

Lees die **Teks** soos aangedui in **Bybel-tyd** hierbo.

**Oopskop vraag:** Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

**Raakvat vra:**

- Petrus vra vir Jesus hoeveel keer jy iemand moet vergewe. Hy wil weet wat die beperking is. Wanneer stop mens om te vergewe. Jesus antwoord en sê 70 maal 7. Hy bedoel nie 490 keer nie. Hy bedoel dit is onbeperk en vertel dan 'n gelykenis. Wat sê Jesus vir jou met die gelykenis?
- Wat dink jy sal gebeur as mense ophou om mekaar te vergewe?
- As mens na die nuus kyk lyk dit eerder of mense moet begin om mekaar te vergewe. Hoe dink jy sal die nuus klink in 'n land waar mense mekaar vergewe?
- Hoe laat dit jou voel om te weet dat Jesus jou sondes vergewe?

**Speel tyd**

Ons spandeer kwaliteit-tyd saam

"In die ander se skoene" speel die speletjie een of twee keer die week na ete vir so 10 minute. Laat een gesinslid 'n oortuiging of opinie oor iets wat vandag gebeur het uitspreek. 'n Gesinslid kry dan die opdrag om in die ander se skoene te staal. D.w.s. hy/sy moet heeltyd die teenoorgestelde opinie of oortuiging gee. Laat die gesin na die tyd oor hulle ervaring gesels. L.W. moenie nou regter speel en sê wie wat reg of verkeerd of beter nie. Dit gaan oor 'n refleksie van julle ervaring.

**Doen tyd**

Ons oefen ons geloof op 'n praktiese manier

Maak die week kontak met iemand wat heeltemal van jou verskil en betoon liefde en vriendelikheid teenoor die persoon

**Leef tyd**

Ons leef ons geloof heelweek uit

Maak 'n plakkaat wat sê: "Onthou dis net my opinie – daar is nog!" en plak dit op 'n prominente plek die week.

[21]Daarna het Petrus na Jesus toe gekom en gevra: "Here, hoeveel keer moet ek my broer vergewe as hy iets verkeerds teen my doen? Selfs sewe keer?"

[22]Jesus antwoord hom: "Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer. [23]Daarom kan die koninkryk van die hemel vergelyk word met 'n koning wat besluit het om saam met sy amptenare hulle boeke na te gaan. [24]Toe hy daarmee begin, is een amptenaar na hom toe gebring wat miljoene rand geskuld het. [25]Hy kon dit nie betaal nie, en daarom het die koning beveel dat hy en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, verkoop en die skuld betaal moet word. [26]Die man het voor hom neergeval en gesoebat: 'Gee my tog uitstel; ek sal u alles terugbetaal.'[27]Die koning het hom jammer gekry, hom laat gaan en sy skuld afgeskryf.

[28]"Toe daardie man buite kom, het hy een van sy medeamptenare raakgeloop wat hom net 'n paar rand geskuld het. Hy het hom gegryp en gewurg, en gesê: 'Betaal wat jy skuld!'[29]Sy medeamptenaar het voor hom neergeval en hom gesmeek: 'Gee my tog uitstel, ek sal jou betaal.'[30]Maar hy wou nie en hy is daar weg om hom in die tronk te laat gooi totdat hy die skuld betaal het.

[31]"Toe sy medeamptenare sien wat gebeur het, was hulle diep teleurgesteld, en hulle het alles wat gebeur het, vir hulle koning gaan vertel. [32]Die koning het hom laat haal en vir hom gesê: 'Jou skurk! Al daardie skuld het ek vir jou afgeskryf omdat jy my gesoebat het. [33]Moes jy nie ook jou medeamptenaar jammer gekry het soos ek jou jammer gekry het nie?'[34]Die koning was woedend en het hom oorgegee om gemartel te word totdat hy al die skuld betaal het.

[35]"So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie."

Mattheus 18 is een van die **vyf groot redevoering** van Jesus (hoofstukke 5-7; 10, 13, 18, 23-25) in die evangelie, wat telkens met dieselfde formule ("en dit het gebeur") afgesluit word (7: 28; 11: 1; 13: 53; 19: 1 en 26: 1).

In hoofstuk 18 is die klem op die pastorale versorging van die kerk deurdat dit op die terugwen van sondaars, die herhaalde oproep tot bekering en onbeperkte vergifnis fokus. Dit beklemtoon dat sonder die onbegrensde vergifnis van mekaar 'n geloofsgemeenskap mekaar nie kan vermaan, saam bid, of Jesus in hulle midde kan ervaar nie.

## Nota bene

- Die vraag van Petrus in vers 21 bevestig dat hy die belangrikheid van interpersoonlike vergifnis verstaan en aanvaar het, maar dat hy **perke** vir die praktiese uitvoering daarvan in die kerk van Matteus wou stel. Petrus neem sewe[a] as sy vertrekpunt en oortref daardeur die driemalige vergifnis van dieselfde sonde deur die Rabbi's. Die Babiloniese Talmoed verklaar byvoorbeeld "*if a man sins once, twice, or three times, they forgive him; if he sins a fourth time, they do not forgive him*" (B. Talm.. 5.13). Jesus se antwoord wys egter 'n **berekende en beperkte** vergifnis van medebroers[b] af, en vereis Hy eerder die vergifnis van mekaar.

- Die gelykenis van die onvergewensgesinde slaaf word deur Matteus direk aan die voorafgaande antwoord van Jesus gekoppel. Dit is egter nie 'n *illustrasie* van die

---

[a] Jesus se verwysing na 77, of selfs 490 moet hier figuurlik verstaan word as onbeperkte vergifnis in plaas van as 'n vasgestelde getal. Hier is ook 'n moontlike verwysing na Gen. 4:24 en die wraak van Kain en Lameg. Soos wat weerwraak en haat in Gen. 4 onbegrens is, moet liefde en vergifnis onbegrens wees in die kerk (Gundry 1982:371; France 1985:277; Davies & Allison 1991:793).

[b] In ooreenstemming met vers 15 verwys Petrus in vers 21 in die algemeen na 'n sonde wat teen 'n broer begaan is deur 'n medebroer. Soos in die vorige perikoop, en in die Matteusevangelie as 'n geheel, verwys "broer" hier na die medegelowige.

voorafgaande gedeelte nie aangesien die koning daarin nie herhaaldelik vergifnis beoefen het nie, maar eerder 'n **beklemtoning van vergifnis as 'n vereiste van God** vir die wat dit ontvang het. Terwyl 18: 20-21 die klem op herhaalde vergifnis plaas, is die klem in 18: 23-35 dus op die belangrikheid om met dieselfde vergewensgesindheid as die hemelse Vader op te tree.

- Die gelykenis onderstreep die **enorme sondeskuld** van sondaars teenoor God. Die slaaf skuld in die gelykenis 'n onmoontlike groot (hiperboliese) bedrag aan die koning. Die skuld van die slaaf word as 10 000 talente aangegee wat 'n ongelooflike bedrag is (Davies & Allison 1991: 798). Volgens Josefus (*Antiq.* 17: 320) was die belasting van Judea, Idumea en Samaria maar 600 talente in 4 v.C. gewees. Aangesien talente die grootste geldeenheid in gebruik was en 10 000 die grootste getal wat in algemene berekeninge gebruik is, het dit in die vers waarskynlik die betekenis van "ontelbaar" (Hagner 1995: 539).

- Die genade en vergifnis van God is die **begronding** van interpersoonlike vergifnis tussen gelowiges deurdat die ontvangs van God s'n gelowiges vrymaak om mekaar te vergewe en selfs hulle vyande lief te hê. *God se vergifnis eis dus nie net vergifnis nie, maar stel ook mense in staat om ander te vergewe.* Die vryskelding van die eerste slaaf van sy skuld het dit immers vir hom moontlik gemaak om sy medeslaaf van sy skuld vry te skel. Wie egter nie as vergeefde ander vergeef nie, loop die wesenlike gevaar om God se vergifnis te verbeur. God se genade en vergifnis van gelowiges plaas hulle onder die verpligting om op soortgelyke wyse teenoor ander op te tree. Interpersoonlike vergifnis in die geloofsgemeenskap is in die gelykenis nie die voorwaarde vir die ontvangs van God se vergifnis nie, maar eerder die **verwagte konsekwensie** daarvan.

- In die slotvers word die gelykenis deur Mattheus toegepas deur na twee belangrike teologiese beginsels, onderliggend aan die motiewe van versoening en vergifnis te verwys, te wete: (i) Dissipels se vergifnis moet in navolging van God se voorbeeld geskied (vgl. 5: 48). (ii) Daar is 'n korrelasie tussen hoe hulle teenoor ander optree en hoe God teenoor hulle sal optree. *Dit is immers slegs dié wat genadig is wat geseënd is deurdat hulle genade van God sal ontvang (5: 7), en diegene wat ander vergewe wat self op vergifnis aanspraak kan maak (6: 12, 14-15*). *Dissipels sal ook geoordeel word soos wat hulle oor ander geoordeel het (7: 2). Naas 'n positiewe motivering vir vergifnis (God se vergifnis van diegene wat geen aanspraak daarop kon maak nie) gee die perikoop ook 'n negatiewe motivering daarvoor deur op die realiteit van God se straf te wys vir die wat nie ander vergewe nie* .

- *Vergifnis moet van harte geskied en nóg begrens nóg berekend wees.* Die toepassing van die gelykenis in vers 35 maak dit duidelik dat dit hier nie gaan oor hoeveel keer 'n persoon vergewe word nie, maar of dit heelhartig geskied het. Die vergifnis van medebroers is volgens hoofstuk 18 ook nie afhanklik van menslike oorwegings of emosies nie, maar eerder van die belewenis van God se vergifnis.

**Bronnelys**


- **Bybellenium**
- **Bybel in Praktyk**
- Combrink, HJB. **Die Evangelie volgens Matteus**.
- Davies, W D & D C Allison. **Matthew.** (Shorter Commentary).
- France, RT**. The Gospel according to Matthew.**
- Gundry, R H 1982. **Matthew – A Commentary on his literary and Theological art.** Grand Rapids: Eerdmans.
- Hagner, D. A. **Matthew 14-28.** (World Biblical Commentary).
- Nolland, J. **The Gospel of Matthew**.
- Turner, D L. **Matthew**.

Jesus Leef en ons met Hom

**13 – 19 September 2020**
**Kleingroep**
**Matteus 18: 21-35**

## 1. Kontak met mekaar

Aankoms, verwelkoming *en verversings*.

**Ysbreker**

Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom?
Waarvoor is jy dankbaar?
Wat was vir jou moeilik?

- Wat sal vir jou die moeilikste ding wees om te vergewe?

## 2. Kontak met God

Neem paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Lees **Psalm 114** as 'n gebed.
Dink na oor hoe God die afgelope week aan jou "verskyn" het.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.
Dit gaan oor die vraag: Hoe / waar het jy die afgelope week vir God beleef? Dank God daarvoor.

## 3. Kontak met die Woord

Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek. Lees nou die week se fokusteks.
Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

**Gesels oor die volgende:**

- Vertel 'n storie van vergifnis, of wie sal jy voorhou as 'n voorbeeld van iemand wat teen die verwagting in kon vergewe.
- Jesus het ons onvoorwaardelik vergewe. Daarom moet ons ander ook onvoorwaardelik vergewe. Ons aanvaar Jesus se vergifnis, maar sukkel om ander te vergewe. Hoekom is dit so moeilik vir ons?
- Beteken vergifnis dat ons ook moet vergeet? Dat jy nooit weer daaroor sal praat nie? Hoe dink julle hieroor? Wat van regmaak wat verkeerd is of restitusie?
- Hoekom is dit belangrik om te vergewe
    - Wat is die alternatief?
    - Wat is die implikasies?
- Die plig om 70 x 7 keer te vergewe impliseer ook dat daar 70 x 7 keer jammer gesê kan word indien nodig. Hoe dink julle hieroor?
- Is daar iemand vir wie jy moet gaan jammer sê of iemand wat jy moet gaan vergewe? Bemoedig mekaar om dit te gaan doen.

**4. Bedien mekaar:** Dank God vir die opstanding en die hoop wat dit gee. Vra dat Hy julle sal help om opstandingslewens te lei.

Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.
Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Dank God vir Sy seën in jou lewe.

**Pitkos:**

Iemand het op 'n keer die volgende waarheid oor vergifnis neergeskryf: "*Forgiveness is not always easy. At times, it feels more painful than the wound we suffered, to forgive the one that inflicted it. And yet, there is no peace without forgiveness.*"

Die bekende teoloog Henri Nouwen het die volgende oor vergifnis geskryf: "*Forgiveness is the name of love practiced among people who love poorly. The hard truth is that all people love poorly. We need to forgive and be forgiven every day, every hour increasingly. That is the work of love among the fellowship of the weak that is the human family*."

Prof. Johan Cilliers haal Helmut Gollwitzer aan wat sê dat 'n Christen is iemand wat altyd moet uitroep: "*Ek het barmhartigheid ervaar!*" Ons, sê Gollwitzer, kom almal met skuld belaai die kerk binne, eintlik moet daar met ons afgereken word voor die troon van God, maar ons verlaat die kerkgebou as mense wat weer diep en vry kan asemhaal, want ons het barmhartigheid ervaar in die erediens waar skuldbelydenis en vryspraak saamval, waar amnestie oor ons uitgespreek is.

**Nabetragting** (Aanvullende vrae indien julle groep nog tyd het na die bespreking)

- ✓ Noem die hoofgedagtes van die preek? Wat het julle opgeval?
- ✓ Was daar enige oomblikke waar God iets vir jou verhelder het of waarmee jy uitgedaag of ontwrig is?
- ✓ Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?